



Afrikaans
WEEK 9
DONDERDAG

Graad 5

Laerskool Mikro Kopiereg ©

PRE-LEES

- Bestudeer die titel van die koerantartikel. Weet jy wat is 'n kees?
- Het jy al te doen gehad met "kese"?
- Dink jy dat wilde diere ooit 'n pes vir die mens kan word? Gaan doen 'n bietjie navorsing en kom vertel watter soort diere 'n plaag of pes kan wees.
- Dink jy mense het die reg om wilde diere dood te maak omdat hulle ons pla?

POST-LEES

- Lees die koerantartikel met aandag deur en beantwoord die vrae.

Vraag 1

Lees die artikel deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

Kees gaps vrou se duur koek en laat wiel

Deur Alet Janse van Rensburg

1. Stellenbosch. – 'n Belydenisaflegging, 'n bobaasbakster en 'n mak bobbejaan. Dit mag dalk soos bestanddele vir 'n nuwe episode vir 7de Laan klink, maar dit was die afgelope Sondag eerder die resepte vir 'n groot petalje wat op die dorpie Myddleton afgespeel het.

2. Dit was ongeveer 14:00 toe Haroldine Burgess



(68) haar vier grênd Lady Baltimore-koeke vir 'n 50ste verjaardagpartytjie in die motor laat laai het. "My vriendin se kleinseun het twee koeke na haar motor aangedra en een op die motor se bagasiebak neergesit om die deur oop te maak," het sy vertel. "Die volgende oomblik het hierdie reuse mannetjie op die motor gespring, die koek gegryp en weggehol!"

3. Volgens Burgess is Myddleton se inwoners raadop oor dié trop bobbejane wat hulle die afgelope twee jaar lastig val. "Ek ken al dié mannetjiesbobbejaan. Hy het 'n maand terug twee vars gebakte brode uit my buurvrou se kombuis gesteel! Ek het ook al op 'n keer in die kombuis op 'n groep kесе afgekom wat doodrustig 'n dosyn eiers sit en eet het!"

4. Die toenemende probleem met die bobbejane in dié dorp is, volgens die inwoners, glote wyte aan die voortslepende droogte en dus 'n gebrek aan kos.

[Aangepas uit *Die Burger*, 25 Mei 2012]

1.1 Kyk weer na die titel.

1.1.1 Kies een van die woorde hieronder wat die beste sinoniem vir die woord *gaps* in die titel is.

- a) gryp
- b) vat
- c) steel
- d) neem

(1)

1.1.2 Wat is die betekenis van die frase *en laat wiel* in die titel?

Kies die verduideliking wat die frase die beste verklaar.

- a) Om te laat wiel beteken om met 'n wiel weg te hardloop.
- b) Om te laat wiel beteken om weg te hardloop.
- c) Om te laat wiel beteken om weg te loop.
- d) Om te laat wiel beteken om wiele te laat rol.

(1)

1.1.3 Skryf nou die titel oor in 'n verklarende sin sodat selfs jou klein boetie of sussie by die huis dit sal kan verstaan.

(1)

1.2 Lees weer die onderstreepte frase in paragraaf 1 deur.

Word die woord "resep" in die frase letterlik of figuurlik bedoel?

(1)

1.3 Waarna verwys die (68) in paragraaf 2?

(1)

1.4 Is die volgende stelling Waar of Onwaar?

Die bobbejaan het in die motor gespring om die koek te gryp.

Motiveer jou antwoord.

(2)

1.5 Wat is die naam van die bobaasbakster?

(1)

- 1.6 Stem jy saam met die volgende stelling:
Die bobbejaanmannetjie was glad nie bang vir die mense by die motor nie.
Motiveer jou antwoord. (2)
- 1.7 Hoe lank al pla hierdie bobbejane die dorpie? (1)
- 1.8 Gee 'n ander woord vir *raadop* sodat dit steeds in die sin pas.
Die mense van die dorpie is ____ oor die bobbejane. (1)
- 1.9 Wat dink jy moet mense doen om te keer dat bobbejane in hulle huise inkom
en brood en eiers eet? (1)
- 1.10 Lees weer paragraaf 4.
1.10.1 Watter twee redes word genoem as verklaring oor hoekom die
bobbejane die inwoners lastig val? (2)
- 1.10.2 Haal een woord aan wat vir ons bevestig dat die redes wat gegee
word, die mening van die inwoners is. (1)
- 1.10.3 Wat dink jy gaan die natuurlikste oplossing vir die probleem wees? (1)
- 1.11 Dink jy ons, as mense, kan die trop kwalik neem vir hulle optrede? Verduidelik
jou antwoord. (2)
- 1.12 In watter koerant het hierdie artikel verskyn? (1)
- (20)**

POLFYNTJIES VIR DIE TONG



Hieronder volg 'n paar *bobbejaan-idiome en -uitdrukings* met hulle betekenis in hakies onderaan. Lees dit goed deur en beantwoord dan die daaropvolgende vrae.

- A. Hy gaan haal die bobbejaan agter die bult.
(Om probleme raak te sien nog voor dit bestaan.)
- B. Bobbejaan het daar 'n kerie nodig!
(Wanneer die berg/pad/terrein so ongetem of moeilik begaan is, dat self 'n bobbejaan iets nodig sal hê om daar te kan loop.)

- C. Jy gaan bobbejaanboud kry!
(Wanneer iemand 'n pakslae kry.)
- D. Elke bobbejaan het sy krans.
(Elke mens het sy plekkie in die lewe.)
- E. Dit is klaar met kees.
(Dit is verby. Jy kan niks meer daaraan doen nie.)
- F. Bobbejaan het berg gekry.
(Gesê wanneer iemand toevallig/onverwags sukses behaal het.)
- G. Hy voel so vry soos 'n bobbejaan aan 'n paal.
(Wanneer iemand se vryheid ingeperk is of weggeneem is van hom.)

Lees nou die volgende situasies deur. Kies elke keer watter idioom by die situasie pas en skryf net die nommer van die vraag en die letter van die idioom neer.

1. Wanneer julle span nog al die wedstryde van die jaar verloor het, en julle verwag om die laaste wedstryd van die jaar óók te verloor. En dan druk jou spanmaat 'n drie nét voor die eindfluitjie blaas.
2. Wanneer julle familie op 'n daguitstappie in die berge gaan rondloop en julle by 'n ekere plek nie verder kan klim nie en eerder maar omstap of 'n ander paadjie soek.
3. Wanneer jy nuut by 'n skool aankom en vreemd voel, watter idioom gaan vir jou hoop gee?
4. Watter idioom dink jy pas die beste by die inperking wat ons tans in Suid- Afrika beleef of beleef het?
5. Wanneer jou ma sien jy lê op jou bed met jou selfoon in jou hand in plaas van dat jy by jou lessenaar sit en huiswerk doen. En sy sê: "Oooo ... ek kan al weer sien hoe huil ons die einde van die kwartaal!"
6. Jou pa sit in die sitkamer en lees die koerant, maar hy het gehoor wat jou ma vir jou gesê het (in nommer 5). Wat dink jy sal sy opmerking daarop vir jou wees?
7. Wanneer jy iets stouts gedoen en jou sussie het jou gesien het ... en dan hardloop sy reguit na jou ma toe. Watter idioom gaan jy saggies vir jouself mompel?
8. Wanneer jy in jou kamer wag vir jou ma of pa om jou te roep ná jou sussie gaan klik het (nommer 7) en jy dink aan alles wat binne die volgende paar minute sal kan skeefloop en hoe erg jou straf gaan wees

... Watter idioom is van toepassing op jou?

9. Dis nou al die sesde keer wat meneer dié spesifieke som vir jou verduidelik. Jou beste vriend het dit ook al twee keer verduidelik, maar jy kan dit net eenvoudig nie verstaan nie en is raadop. Watter idioom sou op jou van toepassing kon wees?
10. Dis die einde van die skooljaar en julle hou klaspartytjie. Jy kyk so na al jou klasmaats en dink aan al die lekker dinge wat julle die jaar gedoen het, al die pret wat julle in pouses gehad het en al die naweke wat julle saam gespeel het. Watter idioom sal jou goedvoel-gevoel bevestig?